LANDBOUWEEKBLAD
20 May 2011, p.81

Vennootskap met WEF vir beter waterbestuur

Deur JOYLENE VAN WYK

Die waterhulpbrongroep van die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) gaan Suid-Afrika help om waterverbruik in die landbou beter te bestuur.

Suid-Afrika is die vierde land wat 'n vennootskap met dié hulpbrongroep gesluit het om kritieke waterkwessies op te los.

Ander lande wat dié ooreenkoms aangegaan het, is Jordanië, Indië en Mexiko.

Daar word verwag dat die vraag na water in Suid-Afrika die volgende 30 jaar met 52% sal toeneem.

Dít terwyl die watervoorraad skerp daal. Indien die huidige neiging van vermorsing weens swak onderhoud en ou munisipale infrastruktuur asook die verlies aan vleilande voortduur, sal mededinging om dié hulpbron oor alle ekonomiese sektore, soos die landbou, die energiebedryf en huishoudelike verbruik, skerp toeneem.

Indien huidige bestuurspraktyke nie verander nie, word 'n gaping van 17% tussen die vraag na water en die voorsiening daarvan teen 2030 voorspel.

Me. Edna Molewa, Minister van Waterwese en Omgewingsake, sê die land ly ernstige waterverlies. Volgens haar sal die groep fokus op gebiede soos die bewaring van water en die bestuur van die vraag daarna.

Daar sal ook gekyk word na die diversifisering van water, soos die hergebruik van die hulpbron en die ontsouting van seewater.

Sektorstrategieë sal saam met Waterwese opgestel word.

"Ons moet ons landbousektor met water ondersteun. Ons sal saam met die Departement van Landbou werk om voedselsekerheid te bewerkstellig," het Molewa gesê.

Om dié vennootskap se sukses te verseker, is 'n strategiese watervennootskapsnetwerk gestig wat deur die direkteur-generaal van Waterwese gelei sal word.

Mnr. Peter Brabeck-Letmathe, voorsitter van Nestlé en die waterhulpbrongroep van die WEF, sê die groeiende middelklas in ontwikkelende lande en die toenemende gebruik van vleis sal groot druk op die krimpende waterbronne plaas.